24 April 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 8

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe...

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Advertensies en kennisgewings
Agterblad

Voorblad

MMC
MIGHTY MEN'S CONFERENCE

Hier is 'n paar foto's wat geneem is tydens die *Mighty men's conference* wat die afgelope naweek (18 tot 20 April) op die plaas van **Angus Buchan** in Greytown aangebied is. Nagenoeg 60 000 mans het hierdie konferensie bygewoon.
In die volgende e-Hervormer sal kommentaar gelewer word oor die konferensie.



Angus Buchan
Foto: Beeld

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

Die Kerkkantoor sluit die week van Maandag 28 April tot Vrydag 2 Mei. Slegs Dinsdag 29 April en Woensdag 30 April is werksdae. Personeel neem verpligte verlof aangesien die rekenaarstelsel opgegradeer word gedurende dié week. ***Gemeentes en predikante word versoek om van die reëling kennis te neem.***

- Daar sal dan ook nie 'n e-Hervormer op 1 Mei vrygestel word nie -

BEROEPENUUS

► **Beroep ontvang**
Ds Hans Britz van Kriel na Outjo/Otjiwarongo

► **Beroep aanvaar**
Prop Larry van der Walt na Middelburg-Noord (deeltyds)

► **Beroep bedank**
Ds Chris Liebenberg van Grootvlei na Magaliesburg

NUUS OOR PREDIKANTE

► **Ds Calla Fourie,** predikant van Krugersdorp-Noord, se motor is verlede week gekaap. Hy en 'n ouderling het pas van huisbesoek af gekom toe die gebeure by die ouderling se motorhek plaasgevind het. Ds Fourie is beseer toe die aanvallers hom met die vuurwapen in die gesig en oor die kop geslaan het. Hulle is ook beroof en die nuwe motor van ds Fourie is geneem.

► **Dr Hendrik Breytenbach** en sy vrou, Betsie, is verlede week deur rowers in hulle huis oorval. Die rowers het voorgegee dat hulle werkers van Eskom is wat na 'n kragprobleem moet omsien. Hulle is uiteindelik deur sowat 10 mans oorval en beroof. Die aanvallers het dr Breytenbach redelik hardhandig behandel en hy het verskeie beserings opgedoen.

► **Johan Steyn**, 'n voormalige predikant van die Kerk, is die afgelope week tragies oorlede. Geen nadere besonderhede is bekend nie. Mnr Steyn het gereeld foto's by die AKV's geneem en is bekend in kerklike kringe.

► **Predikantevergadering 2008**
Predikante word herinner aan die datum van die jaarlikse Predikantevergadering, naamlik 10 September 2008 vanaf 08:30 by die kerksentrum van Swartkop. Die tema sal later bevestig word en saam met nadere besonderhede aan predikante deurgegee word.

Terug na Voorblad

BEDIENINGSNUUS

■ 'n Brief uit Zimbabwe

Dagsê Vriende

Net 'n kort brief om almal te dank vir hul gebede. Dit is werklik net geloof en genade van die Here wat ons deur hierdie tye dra.

Ek wil julle net op hoogte bring met gebeure. Eerstens was oom Herman Brits-hulle vir 3 dae in hul erf toegesluit deur plaasbesetters en 3 van hulle het by oom Herman gebly om "op te pas". Hulle het op die Britse se stoof gekook en al die Britse se kos gevat en gebruik. Ek en ds Attie Hattingh en sy broer Johan het Saterdag gaan kyk hoe dit gaan, maar die knape wou ons nie by die hek laat in, of die Britse laat uit nie. Onder omstandighede het dit goed gegaan. Die polisie het uiteindelik laat Saterdag reageer en alles is nou weer normaal, almal in die distrik het kos ens bygedra en dit is na die Britse geneem. Terloops oom Herman is 81 jaar oud. Sy vrou is ook bejaard en dan woon oom Herman se 89-jarige suster Oumatjie ook by hulle.

Saterdagaand was dit ons beurt. Toe dit sterk skemer is, toe klop so 15 van hulle by my hek en sê dat hulle hul plaas kom vat het. Ek is terug in die huis, toe breek hulle die hek oop en kom slaan aan ruite en se hulle tel tot 10 dan moet ons uit wees. Hulle is naderhand by die hek uit en het vure gemaak en heel aand lawaai. Ons kon ook nie Sondagoggend die beeste melk nie, en toe dit lig word jaag hulle die beeste in die erf, die polisie het eers 9-uur gekom en toe kon ons begin melk en my tuinstoele weer terugkry, hulle is eers 3-uur die middag weg. Dit was glad nie 'n lekker ervaring nie en ons kon ook nie kerk toe gaan nie.

Dit is net geloof, gebed en genade wat ons deur sulke tye kry. Ons is dankbaar dat niemand beseer is nie.

Dankie vir julle gebede en groete
André, Kikie en kinders

■ FEESVIERINGE: GEMEENTE WELTEVREDEN SE 25-JARIGE BESTAAN

Weltevreden voel soos een van die jonger gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk, en tog is die gemeente aan die einde van hierdie jaar reeds 25 jaar oud! Dis 'n dinamiese gemeente aan die Wes-Rand wat geseën is met besondere gelowiges en 'n wonderlike gees onderling.

Die gemeente is op 3 Desember 1983 amptelik gestig, en vir almal in die gemeente is dit 'n blye geleentheid om te herdenk. Die kerkraad, onder leiding van dr Johann Beukes, is besig met reëlings om die gemeente se 25-jarige bestaan op 'n feestelike manier te vier. Die feesvieringe sal plaasvind op Sondag 9 November 2008 van 11:00 tot 17:00.

Terug na Voorblad

Die erediens sal gepaardgaan met die bediening van die Nagmaal, en daar sal probeer word om vyf van die ses predikante wat die afgelope tyd aan die gemeente verbonde was, daarby te betrek. 'n Strykkwartet sal die liturgie in die erediens komplementeer, terwyl 'n foto van elke gesin wat deel van die gemeente was, in die kerk se sysaal opgehang sal word. Die foto's is net nog 'n manier om die gemeente se fokuspunt vir die jaar sigbaar te maak, naamlik: *My huis is 'n klein kerkie, en my kerk is my ander huis*.

Lidmate wat vroeër deel van die gemeente was, word uitgenooi om te kom deel in die verrigtinge, en om gesinsfoto's saam te bring. Ook die predikante wat vroeër dikwels in die gemeente gepreek het, word ook genooi om die geleentheid by te woon.

Na afloop van die erediens en Nagmaalbediening hou die gemeente 'n spitbraai en gaan gesellig saamgekuier word op die terrein. Kom deel in ons vreugde. Belangstellendes moet so gou moontlik met Ria van Rensburg skakel, sodat die nodige voorbereidings getref kan word. Ria se kontaknommers is 011 679 3830 en 083 302 0858.

Advertensies en kennisgewings

- **Gemeente Barberton: Volsorgstandplaas**

Aansoeke moet die gemeente bereik voor of op 30 April 2008.

Agtergrond
Gemeente Barberton bestaan sedert 1965 en het tans 180 belydende lidmate. Die standplaas is vakant. Die gemeente beskik oor 'n pastorie langs die kerkgebou en is tot die beskikking van die nuwe predikant. Barberton is 'n plattelandse dorp met twee hospitale en 'n laer- en hoërskool. Bekende kettingwinkels is ook op die dorp gevestig. Susterkerke asook ander kerke het standplase in die dorp.

Posbeskrywing
Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om as herder en leraar van die gemeente te werk. Indien die suksesvolle kandidaat manlik en getroud is, sal van sy gade verwag word om as voorsitter van die NHSV op te tree.

Profiel van die kandidaat
'n Pas afgestudeerde kandidaat word verlang.
Moet in 'n klein gemeente asook in die gemeenskap kan werk en leef.
Moet die hele spektrum van jeug tot bejaardes bedien.

Versorgingspakket
Kontanttraktement in ooreenstemming met riglyne van die Kerkkantoor.
Voertuigtoelae word bereken met die volgende kriteria:
* Voertuigwaarde van R150 000
* Kilometers beperk tot 1 200 km per maand

Telefoontoelaag R450 per maand.

Aansoeke moet gerig word aan:
Kerkraad Gemeente Barberton
Posbus 213
BARBERTON
1300 E-pos: amariee@mweb.co.za Faks: 086 648 2679

Terug na Voorblad

- **Gemeente Van der Hoff in Groblersdal** wag die aansoeke in van predikante vir die vakante standplaas. Dit is ’n volledigversorgde standplaas. Belangstellendes moet asseblief ’n CV en ’n bekendstellingsbrief saam met aansoeke instuur na: vanderhoff@nhk.co.za vir aandag Die Skriba. Die behoefte van die gemeente is prediking en huisbesoek. Kandidate met 10 tot 20 diensjare is welkom om aansoek te doen. Verdere inligting kan aangevra word by bogenoemde e-posadres. Aansoeke sluit op 30 April 2008.

- **Carletonville** wag die aansoeke in van predikante vir die vakante standplaas. Dit is ’n volledigversorgde standplaas. Belangstellendes moet asseblief ’n verkorte CV en ’n bekendstellingsbrief saam met aansoeke instuur na:

Die Skriba
Gemeente Carletonville, Posbus 57, Carletonville 2500.
Aansoeke sluit op 15 Mei 2008.

- Aansoeke van gelegitimeerde predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika word ingewag vir die vul van die **standplaas Gaborone, Botswana.**

Gemeenteprofiel
Ons is ’n dinamiese Christelike tuiste wat biddend die Woord van God leer en sy liefde doelgerig uitleef na almal (NHK Gaborone se Visie - Maart 2008). Gemeente Gaborone is ’n stedelike gemeente in Gaborone, Botswana. Dit is ongeveer 120 km noordwes van Zeerust geleë en is deel van die Ring van Zeerust. Benewens weeklikse eredienste in Gaborone, word ook minstens 18 eredienste per jaar in Lobatse (ongeveer 100 km suid van Gaborone) gehou. In terme van ’n samewerkingsooreenkoms met die NG Kerk, sluit die gemeente se lidmate ook lidmate van die NG Kerk, Gereformeerde Kerke, AP Kerk en Afrikaanssprekendes van ander kerkverbande in. Lidmaatgetalle wissel namate werkspermitte verval, dienskontrakte tot ’n einde kom of nuwe dienskontrakte gesluit word. Tans is daar ongeveer 250 lidmate, waarvan ongeveer 40% dooplidmate - meestal voorskoolse en laerskoolkinders - is.
Die gemeente se finansiële posisie verg dat gereeld aanvullende fondsinsamelings gehou moet word. Projekinkomste word gebruik ter finansiering van lopende uitgawes, vir barmhartigheid en kapitale projekte. Op hierdie wyse is die gemeente se nuwe kerkgebou bykans voltooi, op ’n kontantbasis.

Versorgingsvoordele
Die versorgingsvoordele behels ’n standplaas met volle versorging en ’n ‘totale-koste-tot-gemeente’-pakket van tussen BWP250 000 en BWP370 000 voor belasting, na gelang van ervaring en geskiktheid vir die beroep. Die pakket sluit die volgende voordele in: traktement, 50% van pensioenbydrae, vervoertoelaag, behuisingstoelaag (ten opsigte van huur, sekuriteit, water en elektrisiteit vir die pastorie), telefoon-/ internettoelaag en 50% van mediesefondsbydrae.

Administratiewe sake
Indien u wil aansoek doen, stuur ’n volledige *Curriculum Vitae* per pos of e-pos aan die onderstaande adres. Dit moet vergesel word van ’n brief waarin duidelik gemotiveer word waarom u uself as geskik beskou. Hierdie inligting sal in ’n keuringsproses oorweeg word, waarna ’n kortlys saamgestel sal word. Kandidate op die kortlys mag genooi word om op die koste van die gemeente ’n preek te kom lewer en/of ’n onderhoud met die werwingskomitee te voer. Die kerkraad behou die reg voor om ’n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Aansoeke wat na 28 April 2008 ontvang word, sal nie oorweeg word nie.

Stuur aansoeke aan die skriba, Miranda de Wet:
Tel: 00267 718 72472
Faks: 00267 572 9000
E-pos: mi@dewetdrilling.co.bw of sanette7@info.bw

Terug na Voorblad

● NOTULEHOUER – NHSV HOOFBESTUUR

Die NHSV hoofbestuur benodig ’n persoon vir die volgende pos:

- Opstel van agendas vir dag- en hoofbestuurvergaderings
- Afneem van notules tydens vergaderings
- Skryf notules van dagbestuur- en hoofbestuurvergaderings
- Ander administratiewe werk soos benodig by NHSV kantoor

Vereistes:
* Vrouelidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk
* Woonagtig te Pretoria
* Taalkundig bedrewe

Vergoeding: Kwartaallikse honorarium. Aansoeke sluit: 30 April 2008
Stuur kort CV na: nhsvhoofbestuur@nhk.co.za of faks 086 693 7955
Kontakpersoon: Jeanette Fourie 012 325 0117 / 082 429 1565

● GHOLFDAG: Gemeente Brakpan

Op 14 Mei 2008 vind Gemeente Brakpan se jaarlikse gholfdag plaas te State Mines Country Club, geleë te Hewittweg 30, Brakpan-Noord. Daar word baie daarna uitgesien dat lidmate en vriende van die gemeente sal deelneem. Daar sal verskeie mense vanuit alle vlakke van die samelewing deelneem: sakemanne, nyweraars, persone vanuit die openbare sektor en normale verbruikers. Daarom is dit vir die gemeente ’n voorreg om individue, firmas en maatskappye uit te nooi om deel te neem. Hulle kan ook hulle produkte/dienste adverteer by die gemeente en kan promosiemateriaal verskaf.

Inskrywingsvorms kan van die onderstaande adres verkry word.

Teen die geringe fooi van R190 per speler kan deelnemers die dag afsluit met ‘n volledige ete en ‘n prysuitdelinsgeleentheid

PIETER UYS
Tel. no. (011) 740 9678
Faks no. (011) 740 3181
e-pos: pieteruys@lantic.net

● SENDINGKONFERENSIE 2008

Predikante, lidmate en alle belangstellendes word uitgenooi na ’n gesprek oor evangelisasie en gemeenteontwikkeling in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Dit vind plaas op 8 Mei 2008 by Gemeente Wapadrant, Pretoria.

Daar is geen koste aan die konferensie verbonde nie. Ter wille van etes, laat weet asseblief hoeveel mense dit sal bywoon, deur Clarika Hattingh te skakel by 012 322 8885 (tussen 8:00 en 13:00).

09:00-09:30
OPENING, VERWELKOMING EN BEKENDSTELLING VAN SPREKER
Dr J Beyers en prof IWC van Wyk

Terug na Voorblad

09:30-10:20
DIE STAND VAN EVANGELISASIE IN DUITSLAND
Dr M Nietschke, Duitsland

10:20-10:40
TEE

10:40-11:30
BESPREKING

11:30-12:10
GEMEENTE-ONTWIKKELING IN DIE NED HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
- Dr JC van der Merwe, NHK Kemptonpark-Oos

12:10-13:00
BESPREKING

13:00-13:40
ETE

14:00-15:00
INLIGTING OOR DIE APOSTOLAAT IN DIE NHKA
Dr WA Dreyer, Sekretaris vir Apostolaat, NHKA

15:00
AFSLUITING

HTS Jubileum

Op Maandag 9 Junie word die *HTS Jubileum,* wat opgedra is aan die Viserektor, prof CR de Beer, aan hom oorhandig. Die redakteur van *HTS Teologiese Studies,* prof Andries van Aarde, sal 'n lesing lewer oor *The RDP of the Soul,* teen die agtergrond van geweld en Paulus se appèl op toleransie.

Prof Theuns Dreyer sal by dieselfde geleentheid die Hervormde Kerk se gelukwensinge aan die Universiteit van Pretoria oordra met UP se honderdjarige verjaardag.

Datum: Maandag 9 Junie 2008
Tyd: 12:00 tot 13:00
Plek: Senaatsaal, Administrasiegebou, UP

- **Gemeente Parkrand** in Boksburg wag aansoeke in vir die vulling van 'n vakante orrelispos. Dienste moet op 1 Julie 2008 begin. Belangstellendes kan CV's faks na (011) 896 5272. Die kontakpersoon is Ina van Rooyen by tel (011) 896 3112 van 8:00 tot 13:00.

- Neem asseblief kennis van die **NHSV kantoor se kontaknommers:**

Selfoonnommer: 072 801 9830
Landlyn: 012 325 0117
Nuwe faksnommer: 0866 937 955

DIE 45STE NASIONALE KONGRES VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING VIND PLAAS OP 3, 4 & 5 JULIE 2008 IN DIE AULA, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, LYNNWOODWEG 264, PRETORIA.

DIE EREPRESIDENT, ERELEDE VAN DIE VERENIGING, PREDIKANTSVROUE WAT DEUR HULLE ONDERSKEIE TAKKE AFGEVAARDIG IS, VOORSITTERS VAN TAKKE WAT NIE PREDIKANTSVROUE IS NIE, VROUEPREDIKANTE VAN DIE KERK WAT DEUR HULLE TAKKE AFGEVAARDIG IS EN HOOGSTENS TWEE AFGEVAARDIGDES VAN ELKE TAK, LEDE MET ADVISERENDE STEM (WAARNEMERS), LEDE MET SPREEKREG (ALLE BELANGSTELLENDE VROUELIDMATE) EN DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE KERK OF SY VERTEENWOORDIGER. WORD HIERMEE NA DIE NASIONALE KONGRES OPGEROEP.

Terug na Voorblad

Vier predikante van die Hervormde kerk kry graad

Benewens die sewe pas gelegitimeerdes oor wie reeds breedvoerig berig is en van wie 'n paar reeds in gemeentes georden is, het vier van die Kerk se predikante op Vrydag 18 April nagraadse kwalifikasies by die Universiteit van Pretoria ontvang.

Dr Philip Nolte het die graad Ph D in Praktiese Teologie ontvang, met prof Y Dreyer as promotor. Hy het oor die 'pastors as gewonde genesers' geskryf en 'n prakties-teologiese refleksie gebied oor die betekenis van die emosionele intelligensie van predikante vir die pastoraat. Die promovendus is daarvan oortuig dat die 21ste eeu unieke eise aan die predikant stel en dat 'n outoritêre benadering wat dikwels in die vorige eeue gegeld het, uitgedien is. Die predikant moet sy of haar eie verwonding kan verwerk en dit boonop ook as bron kan aanwend vir die heelwording van ander. Dr Nolte het die gemeentes Krugersdorp-Noord (1985-1989) en Oostelike Pietersburg (1989-2007) voltyds bedien. Hy is tans beroepafwagtend.

Dr Jan Truter het ook die graad Ph D in Praktiese Teologie ontvang onder die leiding van prof M Nel. Hy het 'n teologies-empiriese evaluering van 'n 'kerkbouprojek as onderdeel van gemeentebou' gedoen. Hy beredeneer die tema vanuit die roeping van die kerk wat in dissipelskap en die *missio Dei* begrond is. Die Bybelse ideaal oor kerkgeboue en die teologiese interpretasie daarvan is as basisteorie gestel en hieruit is riglyne vir die praktyk getrek. Dr Truter het aan die begin van sy bediening in Tzaneen (1989-1992) as predikant gewerk en daarna tot hede in Gemeente Letsitele.

Twee Magistergrade is ook toegeken aan predikante van die NHK. Dr Sanrie de Beer, nou van Philadelphia, het die MA-graad in Pastorale Gesinsterapie ontvang. Sy het die graad met lof verwerf. Ds Thinus van Staden van Montana het 'n M Th-graad, ook in Praktiese Teologie, ontvang. Ook hy het sy graad met lof verwerf.

Die Kerk is trots op hierdie twee nuwe doktore en twee magister-graduandi. Al vier het in die Praktiese Teologie grade verwerf en die vertroue word uitgespreek dat hierdie spesialiteitskennis ook tot voordeel van die Kerk aangewend sal word. Baie geluk aan elkeen en ook aan diegene wat hulle hierin ondersteun het!

- *Van die sewe gelegitimeerdes wat pas afgestudeer het, het Tanya van Wyk en Larry van der Walt hulle M Div-grade met lof ontvang. Van die B Th-grade wat aan ons studente toegeken is, het al drie verlede jaar se vierdejaars hulle grade met lof ontvang. Hulle is Elritia le Roux, Marius Kramer en Dirk Labuschagné. Baie geluk aan hulle!*

Verklaring: Konvent van Reformatoriese Kerke

Konvent van Reformatoriese Kerke
in Suidelike-Afrika

Die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suidelike Afrika het met ontsteltenis kennis geneem van president Thabo Mbeki se uitspraak waarin hy verklaar dat daar geen krisis in Zimbabwe is nie.

Terug na Voorblad

Die feit dat miljoene mense, waaronder duisende gelowiges in Zimbabwe, ernstig ly onder die regime van Mugabe, word in geen mate verlig deur president Mbeki se opmerking nie. Uit hierdie opmerking kan nie ’n ander afleiding gemaak word as dat president Mbeki geen begrip of gevoel het vir die vergrype aan menseregte in Zimbabwe nie. Die regerende party van Mugabe is tans besig om hutte van mense af te brand omdat hulle kwansius ondersteuners van die opposisie is, hulle sit steeds mense van plase af, daar is berigte van ernstige aanrandings, nadat die land reeds in bykans onherstelbare ekonomiese rampsaligheid gedompel is. Klaarblyklik gaan hierdie gebeure geheel en al aan president Mbeki verby. Dat Mugabe om opsigtelike redes nie die uitslae van die verkiesing bekend wil maak nie, laat president Mbeki koud, terwyl die hele Zimbabwe in die moeras van diktatorskap versink. Die naamlose ellende wat ook gelowige kerkmense aangedoen word, is volgens die president van Suid-Afrika koerantstories waardeur die werklikheid verdraai word. Hy meen dat daar geen krisis hoegenaamd in Zimbabwe bestaan nie.

Dit is duidelik dat president Mbeki óf totaal oningelig is, óf geen wil of moed het om hom uit te spreek teen die vergrype aan menseregte deur die Mugabe-regime nie. Hiermee het die president van Suid-Afrika vrede.

Die Konvent maak namens duisende gelowiges van alle kleure en kulture in Suid-Afrika ernstig beswaar teen die optrede van president Mbeki.

Die Konvent roep ook alle gelowiges op om volgens Romeine 13 voorbidding vir ons president en die regering te doen, sowel as vir die regering en die inwoners van Zimbabwe.

Dr Neels Smit
(Algemene Sekretaris)

Verskoning gevra

Die redaksie van die e-Hervormer vra verskoning vir die tikfoute wat in die *Voorblad*-artikel van die vorige uitgawe oorgesien is. Hierdie berig is kort voor die spertyd ontvang en was daarom nie onder die oë van ons taalversorger nie.

Terug na Voorblad